



DIE VRUGTE VAN ONS ARBEID:

WAT IS FEMINISME? 'N WERKBOEK VIR VROUEPLAASWERKERS



WERK
SWAF

WELKE WERK SWAF



DIE VRUGTE VAN ONS ARBEID:

WAT IS FEMINISME? 'N WERKBOEK VIR VROUEPLAASWERKERS



Gepubliseer deur die International Labour Research and Information Group (ILRIG)

Tel: +27 21 447 6375

Web: www.ilrigsa.org.za

Email: ilrigsa@gmail.com

Kamer 14 Gemeenskapshuis, Soutrivierweg 41, Soutrivier, Posbus 1213, Kaapstad, Suid-Afrika

Oktober 2021

Nagevors en geskryf deur Alex Hotz en Leila Khan

Voorbladkuns deur blk banaana/Duduetsang Lamola

Uitlegontwerp en illustrasie deur Design for development

Foto's met vergunning van CSAAWU en Women on Farms, of andersins met individuele vermelding.

sask[®]

Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur befondsing van The Trade Union Solidarity Centre of Finland (SASK)

INHOUDSOPGAWE

Inleiding 2

Meer oor hierdie werkboek 4

Hoofstuk 1: 5
Wat is die probleme waarmee vroueplaaswerkers ervaar?

Hoofstuk 2: 14
Waar kom hierdie probleme vandaan?

Hoofstuk 3: 22
Hoe kan feminisme vroueplaaswerkers bevry?

Hoofstuk 4: 34
Die bou van feministe-organisasies

Gevolgtrekking: 47
Eet die vrugte van ons arbeid!

Woordelys 49

Verwysings en verdere leesmateriaal 50

INLEIDING

“Comrades!

My naam is Nomandla en ek werk op 'n wynplaas in die platteland van die Wes-Kaap naby die dorpie Robertson. Buite Robertson, soos met baie plattelandse dorpe in die Wes-Kaap, is daar baie plase met baie plaaswerkers wat daarop werk. Baie van daardie plaaswerkers het begin om hulself in vakbonde of werkersforums te organiseer. Maar dit was nie altyd die geval nie!

Ek onthou die stakings wat in 2012 in verskeie dorpe soos De Doorns, Robertson en Montagu uitgebreek het. Ek het toe nie gestaak nie. Ek was seker dat werkers hul werk gaan verloor! Toe, in 2013, het van die werkers op ons plaas begin praat van by 'n vakbond aansluit. Weereens het ek nie gesê, dit was nie vir my nie. Al wat ek wou hê, was om my werk te doen, my salaris aan die einde van die week te kry en my huis te behou.

Maar daardie werkers het egter by die vakbond aangesluit en begin organiseer. Hulle het 'n werksverteenvoerderskomitee gevorm en nadat hulle baie lede ingeskryf het, het hulle verkiesings vir werksverteenvoerders (shop steward) gehou. Een van my vriende wat saam met my gewerk het, is afgedank omdat sy nie behoorlik uitgeklok het nie – toe verdedig die werksverteenvoerders haar teen die base en sy is weer aangestel!

Dit was eers toe dat ek regtig begin verstaan het waarom die vakbond gaan. Saam sou dit makliker wees om ons eise teen die base te wen!

Ek het by die vakbond aangesluit en oor 'n klompie goed begin dink: Watter rol speel vroue in die vakbond? Hoeveel vroue is leiers in die vakbond? Hoe kan ons ons stryd as vroue in die vakbond en daarbuite voer? Ek het myself baie vrae gevra.

Uiteindelik het ek besluit al hoe 'n mens antwoorde gaan kry, is om self te gaan uitvind. Ek het aan vergaderings deelgeneem en met my comrades gepraat. Party mense het voorgestel dat ek lees. Een vakbondorganiseerder het vir my 'n paar boeke en artikels gegee, maar dit was moeilik om te verstaan omdat baie van die inhoud deur en vir mense op universiteit geskryf is, en ek het nie ver op skool gevorder nie.

Vir baie jare het ek werkswinkels en opleiding van werksvertegenwoordigers bygewoon, en ek het my situasie as 'n vrouewerker beter begin verstaan. Ek het begin soek na ander vroue wat op hul plase en in hul vakbonde organiseer en lei. Ek het gevoel dat die ervarings wat ek gehad het en die inligting wat ek gekry het, gedeel moet word met en beskikbaar gestel moet word aan alle werkers, veral vroue wat van die kwesbaarstes is. Ek het gevoel dat daar meer opvoedkundige materiaal vir vroueplaaswerkers ontwikkel moet word. Oor die meeste van ons struggle is bloot nie geskryf nie!

Hierdie werkboek is vir ons. Lees dit stadig en saam met ander comrades. Bespreek die probleme waaroor elke hoofstuk praat, en voeg jou eie stories en ervarings by soos jy aangaan.

Comrades, hierdie is julle boek, gebruik dit!"

NOMANDLA



MEER OOR HIERDIE WERKBOEK

Hierdie werkboek word uitgegee deur ILRIG as deel van sy Building Women's Power-program.

Met hierdie werkboek wil ons:

- verstaan hoe vroue getref word deur veranderinge by die werk - en wat werkersorganiserings vir hulle kan doen;
- werkende vroue help om hulself te organiseer - en vroueleierskap, solidariteit en kennis te bou om kapitalisme, rassisme en patriargie te beveg;
- werkende vroue bemagtig om hul belange en eise uit te spreek - en om deel te neem aan die bou van werkersorganisasies, werkersforums, gemeenskaps- en werkeralliansies en vakbonde;
- sterk vroueleierskap bou – in politiek en in werkersorganisasies, vakbonde en bewegings;
- lewensvatbare feministiese alternatiewe ontwikkel vir kapitalisme.

Die werkboek is op vroueplaaswerkers gemik. Maar dit kan gebruik word deur enigiemand of enige organisasie wat feministiese politiek wil verstaan en bou. Jy kan dit in werksinkels gebruik, in politieke onderwyskursusse, studiegroepe of vir algemene onderwys- en opleidingsdoeleindes. Jy kan dit heel voor begin en deurwerk tot aan die einde, of jy kan hoofstukke of afdelings kies wat jy wil gebruik. Ons moedig aan dat julle dit saam lees en betrokke bly by die aktiwiteite en vrae in die werkboek.

Ingewikkelde sosiale begrippe? Moenie skrik nie! Elke hoofstuk verduidelik alles – en die boksies maak seker jy praat saam! Definisies van woorde/konsepte wat belangrik is vir vroue se organisering, is in 'n kort woordelys agter in die werkboek.

HOOFSTUK 1:

WAT IS DIE PROBLEME WARMEE
VROUEPLAASWERKERS ERVAAR?





ANNA

As 'n vroueplaaswerker het Anna gevoel sy het baie uitdagings. Toe sy by die vakbond aangesluit het, het sy ander vroueplaaswerkers, vroue wat in fabriek werk en vroue wat in die kelders werk, ontmoet wat van verskillende gebiede afkom. In die werksinkels en vergaderings het hulle begin gesels, en Anna het besef dat hoewel hulle op verskillende plekke woon en werk, baie van die probleme wat hulle in die gesig staar, dieselfde is. As vrouewerkers in Suid-Afrika ly

hulle nie net onder uitbuiting deur die baas en die regering nie, hulle staar ook onderdrukking in die gesig deur hul mans tuis, in hul gemeenskappe en in die breër samelewing. Wat Anna leer oor hoe wydverspreid die probleme is waarmee vrouewerkers ervaar, deel sy met die ander vroue op die plaas:



Dubbele sorglas

Anna verduidelik dat, ongeag of vroue nou op die plaas, in die kelders of in die fabriek werk, hulle terugkeer huis toe ná 'n lang dag se werk - net om nog werk te doen! Wanneer hulle klaar vir die baas gewerk het, werk hulle vir hul gesin. Hierdie is onbetaalde werk, en baie vroue kry nie hulp met hierdie werk by hul mans nie, want daar word vir hulle gesê dat kosmaak, skoonmaak en kinders oppas 'vrouewerk' is! Hierdie ekstra verantwoordelikheid wat op vroue geplaas word om die huis, gesin en gemeenskap te versorg, word die 'dubbele sorglas' genoem en dit verhoed dat die meeste werkende vroue aan aktiwiteite buite die huis deelneem, insluitende in die vakbond of in aktiviste-organisasies.



Geweld teen vroue

Anna beskryf dat al die vroue in die werksinkels wat sy bywoon, noem dat hulle óf self mishandeling en geweld ervaar, óf dat hulle vroue in hul



AKTIWITEIT – Bespreek

1. Hoe benader ons as vroue die dubbele sorglas?
2. Wat kan die vakbond doen sodat meer vroue aan vakbondaktiwiteite kan deelneem?

familie, gemeenskap of werkplek ken wat geslagsgebaseerde geweld (*gender-based violence*) ervaar. Geweld teen vroue het onrusbarende afmetings in Suid-Afrika aangeneem en raak alle vroue in hierdie land. Nie alle vroue is egter op dieselfde manier kwesbaar vir geweld, of het dieselfde toegang tot geregtigheid nie. Die meeste vroueplaaswerkers woon in landelike gebiede. Vroue in landelike, afgeleë gebiede en gebiede met min hulpbronne bly een van die kwesbaarste groepe vir geweld in hul gemeenskappe en hul huise.



Seksuele teistering/sekspeste

Anna sê die meeste vroue voel nie altyd veilig by die werk nie omdat hulle in die werkplek seksueel gepla word. Vrouewerkers, veral plaaswerkers, doen dikwels deeltydse of seisoenswerk. Hulle is bang om te praat omdat hulle vrees dat hul teistersaars (dikwels toesighouers en voormanne) hul werk sal beëindig, hul inkomste sal minder maak en hul werksomstandighede nog moeiliker sal maak. Die kwesbaarheid van vroueplaaswerkers word vererger deur die feit dat daar dikwels min kennis van arbeidswetgewing is, en min werkplekke beleide in werking stel wat vroue teen sekspeste en ander vorms van geweld beskerm.



Toegang tot geregtigheid

Anna sê dat baie van die vroue wat sy ontmoet, sukkel om geregtigheid deur die wet te kry. Wanneer hulle polisie toe gaan, staar hulle meer geweld en teistering in die gesig, en die howe is ver en gebruik prosesse wat moeilik is om te verstaan. Alhoewel daar wette is wat daarop gemik is om die regte van vroue en werkers te bevorder en te beskerm, is die realiteit dat vroueplaaswerkers uitgesluit word van wetlike geregtigheid, en sedert die einde van apartheid het hul lewens baie min verander.



Gesondheid en veiligheid

Baie van die vroue vertel vir Anna dat hulle daaglik met baie giftige plaagdoders en chemikalieë werk, en tog is daar met die COVID-19-pandemie eers vir die eerste keer vir hulle maskers gegee om te dra!

Ondanks die regering se reëls oor gesondheid en veiligheid, kry baie vroue nie beskermende toerusting nie. Wanneer hulle siek word, moet hulle kliniek toe gaan en kry hulle minder geld omdat hulle verlof moet neem. Vroue kry ook nie toegang tot seksuele reprodktiewe gesondheidsorg en hulpbronne nie. Vir baie werkersklas en plattelandse vroue is kwaliteit gesondheidsorg nie bekostigbaar of beskikbaar nie. Die beste gesondheidsorg is gereserveer vir mense wat aan mediese fondse behoort - wat die meeste van die bevolking uitsluit.





Quervooredele

Anna sê een van die vroue in 'n werkswinkel het pas teruggekom van kraamverlof, maar sy sukkel omdat sy gedurende hierdie tyd geen geld ontvang het nie. Vroue is geregtig op vier maande kraamverlof, maar dit is onbetaald. Om 'n mate van ondersteuning tydens kraamverlof te ontvang, moet vroueplaaswerkers self by die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) daarvoor aansoek doen. Baie boere registreer nie hul werkers by die WVF nie, al is hulle verplig om dit te doen. Dit beteken dat baie vroueplaaswerkers nie toegang tot hierdie beperkte voordeel kan kry nie.



Kindersorg

Baie vroue kan nie na die werksinkels kom wat Anna bywoon nie, want daar is niemand om na hul kinders te kyk nie. Van die vroue het hul kinders saamgebring na die vergaderings en werksinkels toe. Vir werkende moeders is dit baie belangrik dat daar behoorlike sorg vir hul kinders is wanneer hulle by die werk is of vakkondaktiwiteite bywoon. Die meeste vroue kan egter nie kindersorgfasiliteite, soos crèches of dagsorgsentrums, bekostig nie. Baie vroue kan nie werk nie omdat hulle nie toegang tot kindersorgondersteuning het nie.



Toegang tot grond

Anna sê dat al die vroue wat sy ken en saam met wie sy werk, nog nooit grond besit het nie. Onder apartheid is hulle nie toegelaat om grond te besit nie. Nou kan hulle nie bekostig om grond te koop nie. Vroue wil egter toegang tot grond hê om hul eie kos te kan groei en produseer. Kos is baie duur, veral gesonder kos. Vroue wil toegang tot grond hê sodat hulle vir hulself kan voorsien en nie van hul lewensmaats of van 'n karige inkomste afhanklik hoef te wees nie. Anna sê toegang tot grond sal vroue se lewens verander.



Ordentlike huisvesting van ons eie

Anna kom tot die besef dat vroue wat op plase woon en werk, nog altyd net gesien word in terme van hul verwantskap aan mans. Mans kry behuising as 'n 'voordeel' omdat hulle op die plaas werk. Vroueplaaswerkers daarenteen kry behuising gewoonlik net deur hul man of pa. Dikwels wanneer 'n man sy werk verloor of sterf, verloor die vrou outomaties haar

reg op behuising. Vroue in die werksinkels sê hulle wil hul eie ordentlike huise met water, elektrisiteit, sanitasie en ruimte vir privaatheid hê.



Uitsettings

Die vroue by die werksinkels vra wat hulle kan doen om hulself teen uitsettings te beskerm. Hulle sê dat vroue en hul gesinne uitgesit word wanneer die man of pa sterf. Hulle sê dat uitsettings ook kan gebeur wanneer die plaas verkoop word en die nuwe eienaar besluit om vakansiehuise op die plaas te bou. Baie vroue huil en sê wanneer hul kinders 18 word, word daar van hulle verwag om te begin huur betaal en op die plaas te werk, of uitgesit te word.



Werksonsekerheid en permanente indiensneming

Anna sê dat baie van die vroue wat sy ontmoet, te bang is om by 'n vakbond aan te sluit omdat die baie hulle dreig. Sy het vir hulle gesê dat dit juis is waarom hulle saam met ander werkers moet organiseer! Die meeste vroue is nie permanent in diens nie, selfs al werk hulle dieselfde ure as permanente werkers. Hulle is seisoenwerkers of word deur arbeidsmakelaars in diens geneem en nie direk deur die boer nie. Hierdie werkers is gewoonlik die eerstes wat hul werk verloor. Baie vroueplaaswerkers kry net werk as hulle in 'n verhouding met 'n man is en hul werk word as goedkoop arbeid beskou – 'n 'ekstra voordeel' vir die boer wanneer hy die man in diens neem. Omdat vroue dikwels op hierdie manier as 'ekstra' tot mans beskou word, het hulle nie onafhanklike werkskontrakte nie en ontvang hulle laer lone vir werk wat gedoen word. Vroue wil permanent in diens geneem word en wil permanente kontrakte hê sodat hulle onafhanklik van mans kan wees, meer werksekerheid kan hê en dieselfde voordele en regte as permanente werkers kan geniet.



Gelyke betaling

Anna sê dat die meeste van die vroue in die vergaderings en werksinkels wat sy bywoon, sê dat hulle dieselfde werk as mans doen, maar nie dieselfde lone betaal word nie. Dit geld selfs al is hulle albei permanente werkers – die vrou verdien steeds minder. Vroue is geregtig op gelyke betaling vir gelyke werk!



'n Bestaansloon

Ingevolge Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing word plaaswerkers tans 'n minimum uurlikse loon van R21,69 betaal. Anna verneem by die ander vroue dat seisoensplaaswerkers, wat gewoonlik vroue is, nie eens 'n uurlikse loon kry nie. Hulle doen 'stukwerk', wat beteken dat hul loon bepaal word deur of hulle die teiken bereik wat die baas gestel het ten opsigte van die hoeveelheid/gewig produkte wat hulle pluk en sorteer. Minimum loon of stukwerk, plaaswerkers verdien nie naastenby genoeg om hul lewenskoste te dek of om 'n goeie lewe te lei nie. In die werksessies is Anna geïnspireer deur die stories van die plaaswerkers in die Wes-Kaap en die Marikana-mynwerkers wat in 2012 gestaak het en 'n 'bestaansloon' geëis het. Alle werkers verdien om genoeg geld te maak om in hul basiese behoeftes en meer te voorsien.



AKTIWITEIT

Lys al die probleme wat werkers by jou werkplek ervaar. Lys dan al die probleme wat meestal net deur vrouewerkers ervaar word. Antwoord die volgende vrae:

1. Watter van al hierdie probleme dink jy is die grootste? Waarom?
2. Watter probleme word deur jou vakbond aangespreek? Watter word nie aangespreek nie en waarom nie?
3. Hoe organiseer vroue by jou werkplek rondom probleme wat eie aan hulle is?
4. Stel maniere voor waarop die probleme waarmee vroue te kampe het, deur alle werkers aangespreek kan word.
5. Stel maniere voor waarop die probleme waarmee vroue te kampe het, deur jou vakbond aangespreek kan word.



AKTIWITEIT – Waarom is vroue se las so swaar?

Katrina staan elke oggend 5 uur op. Sy maak 'n kosblik met middagete vir haar man en hul drie kinders, stryk al hul klere, berei ontbyt vir haar gesin voor en trek haar jongste kind aan vir crèche. Hy het 'n hoes, maar sy kan hom nie by die huis hou nie aangesien daar niemand is om na hom te kyk nie. Sy haas haar om voor 7 uur by die werk te kom. Sy is 'n seisoenswerker op die plaas en moet 'n kwota haal anders kry sy nie 'n volle dag se loon nie.



KATRINA

Sy is die hele dag op haar voete in die warm son en pluk vrugte. Wanneer sy laatmiddag by die huis kom, maak sy die aandete en maak die huis skoon. Sy maak seker dat haar twee ouer kinders hul skoolwerk doen en werk uit hoeveel betaal moet word vir kruideniersware, elektrisiteit en ander uitgawes. Haar man Kosie eet aandete en kyk 'n sepie op die TV. Sy vra hom of hy Vrydag na werk na die kinders sal kyk aangesien sy 'n werksverteenvoerdersvergadering gaan bywoon.

Haar man sê dat sy nie vergadering toe kan gaan nie. Hy sê sy weet dat hy die naweek saam met sy vriende bier drink en kaart speel.

Katrina sê dat hy Saterdag met sy vriende sal moet kuier aangesien dit belangrik is dat sy die vergadering bywoon. Hulle begin stry. Kosie sê vandat sy by die vakbond aangesluit het, dink sy sy is beter as hy - al is hy 'n permanente werker op die plaas, hy verdien meer geld as sy en woon sy in sy huis.

Nadat jy Katrina se storie gelees het, teken 'n horlosie en vul al die dinge in wat Katrina op 'n werksdag doen (werk toe gaan, skoonmaak, kinders oppas, ens.). Teken dan Kosie se horlosie en vul al die goed in wat hy in 'n werksdag doen. Kyk na die twee horlosies en beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is die verskil tussen Katrina se horlosie en Kosie se horlosie?
2. Waarom dink jy is hul horlosies so verskillend?
3. Is Katrina se storie dieselfde as jou eie ervaring?
4. Dink jy dit moet verander? Hoe sou jy dit wou verander?



HOOFSTUK 2:

WAAR KOM HIERDIE PROBLEME
VANDAAN?



Wanneer ons praat oor die uitdagings en probleme waarmee vroueplaaswerkers in Suid-Afrika te kampe het, is dit belangrik om te verstaan waar hierdie probleme vandaan kom. Dit sal ons help om daarteen te organiseer en te veg vir 'n wêreld sonder hierdie probleme.

Yaya sit op 'n plastiek druiwekrat buite haar huis op die plaas Klippiesrivier, waar sy en haar man vir meer as 35 jaar werk. Yaya is op 'n plaas in Dwarsriviervallei, tussen Languedoc en Franschoek, gebore. Sy het na Klippiesrivier toe getrek nadat sy

met haar man getroud is. Sy is 70 jaar oud en haar gesig is vol plooië van jare se werk in die warm son. Haar hande is hard en haar vingers is knobbelrig soos die wingerdstokke van artritis wat ontwikkel het weens jare se druiwe pluk en snoei vir die wyn. Yaya sê sy onthou nie 'n tyd wat sy nie op 'n plaas gewoon het nie – hetsy as kind of as 'n werkende volwassene.

Yaya se ouma het vir haar gesê hulle was nie altyd plaaswerkers nie, hoewel hulle al vir vyf geslagte op plase werk en bly. Sy het elke Sondag as kind die lang pad van die plaas af na die kerk in P'niel gestap. Sy sou verby die groot klok in die middedorp van P'niel stap en altyd vir haar ouma vra waarvoor die klok is. Haar ouma het gesê dat die dominee by die kerk vir hulle stories vertel het oor hul geskiedenis, en hoe hulle honderde jare tevore saam op die grond gewoon het totdat die Nederlanders en die Britte na die Kaap gekom het en die grond oorgevat het. Die pastoor het dit kolonialisme genoem. Daar was baie weerstand teen die koloniseerders wat die inwoners wou dwing om as slawe op hul plase te werk. Yaya se ouma het gesê dat sommige van hul voorvaders Khoi-veewagters was wat baie gevegte geveg het teen die koloniseerders wat probeer het om van hulle slawe te maak. Die Nederlanders het toe egter slawe van ander dele van Afrika en die wêreld hierheen gebring om op hul plase te werk en vir die koloniseerders geld te maak. Terwyl sy na die klok kyk wat gebruik is om vir die slawe te vertel wanneer om te begin werk en wanneer hulle kan stop, het Yaya altyd aan die mense gedink wat onder koloniale heerskappy geleef en dit teengestaan het.



YAYA

Wat bedoel ons met kolonialisme?

Kolonialisme gebeur wanneer een land 'n ander gebied/land met geweld oorvat - en dan die grond en bronne as hul eie verklaar. Soms stuur die koloniale mag mense – “setlaars” – om die grond te bewoon en wins te maak. Wins word gebaseer op uitbuiting van die oorspronklike inwoners: eers as slawe en later as goedkoop arbeid. Die natuurlike bronne (minerale, diamante, olie, ens.) word beskou as ekonomiese bronne. Dit word bewerk om die koloniale heerser te verryk. Baie lande wat gekoloniseer is, is vandag arm. Mense wys vinger en sê hulle is ‘onderontwikkel’. Maar die waarheid is dat hierdie lande ryk was aan bronne, en toe gestroop is deur die koloniale maghebbers. Die proses van kolonialisme is iets van die verlede, maar die skade leef in die hede. Dit sien jy veral onder plaaswerkers in die Wes-Kaap: daar is hoë gevalle van fetale alkoholsindroom, alkoholverslawing en geweld op vroue. Dit word gender-based violence (GBV) of geslagsgebaseerde geweld (GGG) genoem. Dit is 'n nalatenskap van die koloniale dopstelsel: werkers is alkohol gegee om hulle meer insiklik te maak en om lone te sistap.

Terwyl Yaya nadink oor haar lewe as 'n vroueplaaswerker, onthou sy dat daar altyd vir haar gesê is – in haar kerk, in haar huis, deur haar man en deur die boer – dat sy haar plek as vrou moet ken.

Daar is altyd vir haar gesê dat vroue 'n bepaalde rol moet speel en die mans in haar lewe gee haar altyd opdragte. Sy is meegedeel dat sy in al haar man se behoeftes moet voorsien, en dat haar rol as vrou is om kos te maak, skoon te maak en na haar kinders te kyk. Boonop moet sy ook doen wat ook al die boer vra. Yaya se ervarings is dieselfde as baie ander vroue s'n, en dit is deel van 'n stelsel van onderdrukking wat patriargie genoem word.

Wat bedoel ons met patriargie?

Patriargie is 'n sosiale stelsel waarin byna net mans mag het en oor almal regeer. Patriargie leef maklik en ongesiens voort want vroue word van geboorte af ingeprent dat dit ‘normaal’ of ‘natuurlik’ is vir mans om mag oor

vroue te hê. Hoekom is ons so blind daarvoor? Want ons word van jongs af so geleer (*getrain*) by ons alledaagse plekke van aanbidding, die skool, ons huise en ons werkplekke. Hoe kan ons dit in ons eie lewens sien? Ons sien dit wanneer ons hoor: “dit is vroue se rol om kos te maak, skoon te maak en kinders op te pas ... dié en dááí werk is vrouewerk - soos ’n sekretaresse. Vroue moet spesifieke klere dra”. Patriargie is glad nie ‘natuurlik’ of ‘normaal’ nie: daar was tye in die geskiedenis waar samelewings mense nie in ‘mans’ en ‘vroue’ verdeel het met mag net aan die mans nie. Patriargie moet saam met ander magstelsels wat tot geweld en ongelykheid lei, teengestaan word.

Wat bedoel ons met “mag”?

As jy patriargie mooi wil verstaan, moet jy werk maak daarvan om die idee van mag goed te begryp. Dis regtig moeilik om patriargie te verstaan, sonder om mag te verstaan. Wanneer ons van mag praat, bedoel ons die soort van beheer wat ’n groep mense, of ’n persoon, oor ander mense én hul bronne het. Mag word uitgeoefen in die sosiale, ekonomiese en politieke verhoudings tussen individue en groepe. In stelsels soos patriargie, kolonialisme en kapitalisme is mag ook ongelyk verdeel - party individue en groepe het groter beheer oor die bronne van mag en ekonomie - terwyl ander min of geen beheer het nie. Ongelyke mag word in stand gehou met sosiale verdelings soos geslag (*gender*), ouderdom, kaste, klas, etnisiteit, ras en ligging. Asook in ons alledaagse instellings soos die gesin, godsdiens, onderwys, media, die reg en die regering.

Yaya het nog altyd op ’n plaas gewoon en gewerk. Sy het nie gedink daar is enige ander opsie nie. Daar is altyd vir haar gesê dat sy haar plek moet ken. Die boer het vir haar gesê omdat sy swart is, was ’n werker al wat sy kon wees. Sy het van kleins af opgemerk dat mense wat soos sy lyk anders behandel word as die wit boer en sy gesin wat die plaas besit. Wanneer sy dorp toe is om kruidentersware te koop, moes sy by ’n ander ingang as die boer instap. Sy moes op ’n ander bankie as die wit kinders sit en na ander skole en kerke toe gaan. Sy is gesê dat die rede waarom hulle anders behandel word, die gevolg van die apartheidstelsel is. Sy kon baie jare later eers vir die eerste keer stem toe sy al oud was. Al het apartheid in 1994 geëindig, sê Yaya sy voel steeds dat sy rassisme ervaar en anders behandel word.

Wat bedoel ons met apartheid?

Baie vroue wat hierdie boek lees, kan 'n tyd onthou waarin ons van mekaar geskei was, onderdruk was en toe daar teen ons gediskrimineer is op grond van ons rasseklassifikasie. Die rassitiese wit Apartheidsregering het wette en beleide goedgekeur wat mense in rassegroepe verdeel het. Die ras waaraan jy behoort, bepaal watter soort onderwys, werk, woongebied en grondbesit jy “mag” kry. Dit is gedoen om goedkoop arbeid te skep - en om onenigheid tussen die meerderheid van die bevolking te veroorsaak sodat hulle nie kan weerstand bied nie. Selfs vir mense wat nie onder apartheid geleef het nie, het min verander, want daar was baie min herverdeling van grond en rykdom wat saam met demokrasie gekom het.

Wat bedoel ons met ras en rassisme?

Ras is 'n manier om mense in groepe te verdeel op grond van hul fisieke eienskappe, soos velkleur, haartekstuur en etnisiteit. Die Apartheidsregering het aangevoer dat ras biologies is; dat dit 'n natuurlike ding is om mense in rassegroepe op te deel. Die waarheid is dat ras 'n sosiale konstruk is. Dit beteken dat “ras” kunsmatig is, dat dit deur mense opgemaak is - en nie op wetenskaplike bewyse geskoei is nie. Daar is geen rede vir mense om in hierdie groepe verdeel te word nie.

Rassisme is wanneer sekere groepe as meerderwaardig beskou word - en die mag het om teen die ander groepe te diskrimineer en hulle uit te buit. Omdat grond en rykdom steeds volgens rasselyne verdeel word, met wit mense wat die meeste het en swart mense die minste, bly rassisme voortleef. Die meerderheid van die swart bevolking in Suid-Afrika woon in gebiede met swak dienslewering wat ver van werk, gehalteskole en gesondheidsorg is. Dit skep 'n siklus van chroniese armoede waaruit mens bitter moeilik kan ontsnap. Ons moet ook dink oor hoe rassisme en patriargie saamwerk: onder al die groepe wat volgens ras onderdruk word ('Afrikaan', 'kleurlinge' en 'Indiërs'), is dit steeds vroue wat die swaarste kry. Hulle word nie net onderdruk weens hul *ras* en *klas* nie, maar ook weens hul geslag (*gender*).

Yaya was baie jonk toe sy op die plaas begin werk het. Sy moes, anders sou die boer haar en haar broers en susters van die plaas af geskop het. Sy het as plaaswerker bly werk nadat sy saam met haar man Klippiesrivier toe verhuis het. Yaya wens sy kon haar eie grond hê sodat sy nie teen dagbreek hoef wakker te word en elke dag baie hard te werk om 'n bietjie geld te verdien nie. Sy kyk na die lone wat sy verdien en kyk hoe haar baas 'n groter plaashuis kon bou en hoe al sy familieledede baie motors het. Sy het gehoor dat hy ook baie ander plase en eiendomme het. Die boer het baie geld gemaak deur die wyn te verkoop wat Yaya en die ander plaaswerkers help maak het deur elke jaar die oesdruive te pluk. Haar lone het die afgelope paar jaar nie veel verander nie. Sy onthou daar was 'n klein verhoging weens die eise wat ander plaaswerkers in die staking van 2012 gestel het, maar sy kan steeds nie bekostig om 'n huis of 'n motor of enige van die ander goed te koop wat die boer kan koop nie. Sy kan net bekostig om te sorg dat sy water, elektrisiteit, klere en kos op die tafel het. Sy moet werk om te oorleef. Haar kinders het plaaswerkers geword omdat hulle ook geld nodig gehad het om te oorleef – hulle het nie die geleentheid gehad om te studeer of ander soort werk te kry nie. Toe sy in 'n vergadering met vakbondvertegenwoordigers oor sommige van hierdie uitdagings gepraat het, het hulle vir haar gesê die feit dat sy sukkel en moet werk terwyl haar baas ryk word, is as gevolg van 'n stelsel van kapitalisme.

Wat bedoel ons met kapitalisme?

Kapitalisme is die ekonomiese stelsel van 'n land. Dit bepaal hoe die land se geld en natuurlike bronne gebruik word. Ons praat dus van rykdomme soos geld, plase, myne, fabrieke, banke ens. Verskillende lande in die wêreld het verskillende ekonomiese stelsels, byv sosialisme, kommunisme ens. In die kapitalistiese stelsel is die land se rykdom - geld en bronne - in privaat besit, pleks van in die regering se besit. Die geld en bronne bevoordeel 'n klein groepie mense (die ryk-/heersersklas). Onder dié stelsel het die meeste mense (die armes en werkersklas) geen toegang tot die bronne nie. Hulle besit niks nie, behalwe hul vermoë om te werk. Hulle verkoop dus hul arbeid om te kan oorleef. Kapitaliste maak geld deur te kompeteer met ander kapitaliste. Hulle produseer dikwels dieselfde artikel. En die enigste manier om die goedkoopste artikel te produseer, is om arbeidskoste te sny. Dit is waarom kapitaliste lae lone betaal – sodat hulle hoër winste vir hulself kan maak. So word die armes armer ... en die rykes ryker. Só word werkers uitgebuit vir hul arbeid – hulle kan nie die rykdom geniet wat hulle help skep nie, want onder kapitalisme is rykdom in privaat besit. Hulle kan nie die vrugte van hul arbeid eet nie.

ONDER KAPITALISME EN PATRIARGIE KRY
'N VROU SE WERK NOOIT KLAAR NIE



Erkennung: Aangepas uit 'n illustrasie in Ekitchini, 'n publikasie deur die Suid-Afrikaanse Huiswerkersvakbond (SADWU).



AKTIWITEIT – Hoe word vroue onderdruk?

Hierdie oefening help jou om te sien hoe 'n land se ekonomiese stelsel probleme vir vroueplaaswerkers kan skep. Dit is belangrike om te verstaan dat daar 'n verbintenis is tussen stelsel en probleem. Die blokkies bevat probleme van vroueplaaswerkers ... die sirkels bevat al die sosiale stelsels van onderdrukking wat in hierdie hoofstuk bespreek word.

Watter sosiale stelsel veroorsaak watter probleem? Kyk na die probleem in elke blokkie en dink oor watter stelsel die probleem veroorsaak het. Trek 'n streep tussen die vierkant en die sirkel met die stelsel van onderdrukking. Trek meer as een streep as jy dink die probleem is deur meer as een stelsel veroorsaak. Kan jy vir ons sê waarom jy besluit het om spesifieke vierkante met spesifieke sirkels te verbind?

Vroueplaaswerkers besit nie grond nie en maak op mans staat om 'n huis op 'n plaas te kry

Daar is hoë vlakke van alkoholisme en fetale alkoholsindroom in Suid-Afrikaanse plaaswerkergemeenskappe

Minder vroueplaaswerkers word permanente werkers

Daar word van vroue verwag om kinders op te pas, al die kos te maak en skoon te maak

Vroue word minder as mans betaal

Vroue gaan gebuk onder huishoudelike mishandeling en seksuele geweld

Vroue word deur die base geteister en sleg behandel

Daar is baie min vroueieiers in die vakbond

Vroueplaaswerkers se lewe is baie anders as dié van vroue in die plaaseienaar se familie

Patriargie


Kapitalisme

Kolonialisme

Rassisme

HOOFSTUK 3:

HOE KAN FEMINISME VROUE-
PLAASWERKERS BEVRY?



ABAFAZI
BAFUNA
UMHLABA
NGOKU...



PULENG

Puleng was vir baie jare aktief in haar vakbond. Sy het altyd gewonder waarom die vakbond nie iets doen aan die seksuele teistering wat op die plaas gebeur nie, of eise vir kraamverlof of kindersorgonderhoud gestel het nie, al is so baie werkers vroue! Eendag het haar buurvrou haar na 'n vrouestudiegroep toe genooi om oor feminisme te leer. Sy was eers senuweeagtig – sy het gehoor dat feministe net kwaai vroue is wat mans haat. Maar sy het die studiegroep bygewoon en uitgevind dat feminisme eintlik 'n beweging is om vroue te help om hul situasie te verstaan en te veg vir 'n wêreld sonder patriargie. Sy het geleer

dat vroue deur die geskiedenis nog altyd patriargie teengestaan het en teen hul onderdrukking georganiseer het. Feminisme is 'n instrument vir vroue om hulself en hul organisasies te bemagtig om eise te stel en te wen wat eie aan vroue se swaarkry is.

“

**VROU HET DEUR DIE GESKIEDENIS NOG
ALTYD PATRIARGIE TEENGESTAAN. DIS NIE N
NUWE “MODE” NIE. HULLE HET NOG ALTYD
ORGANISASIES TEEN ONDERDRUKKING
GEVORM.**



AKTIWITEIT

Lees elke stelling hieronder en omkring die antwoord wat op jou van toepassing is. As julle hierdie oefening in 'n groep doen, moet julle jul antwoorde met mekaar deel en aan mekaar verduidelik.

1. Feminisme gaan daarvoor om vroue dieselfde mag as mans te gee.

- Stem saam
- Stem nie saam nie
- Kan nie besluit nie

2. 'n Man kan 'n feminis wees.

- Stem saam
- Stem nie saam nie
- Kan nie besluit nie

3. Feminisme skep verdeeldheid in aktiviste-organisasies en vakbonde.

- Stem saam
- Stem nie saam nie
- Kan nie besluit nie

4. Ons organisasie is feministies as dit meestal uit vroue bestaan.

- Stem saam
- Stem nie saam nie
- Kan nie besluit nie

Kom aan die einde van hierdie hoofstuk terug na hierdie aktiwiteit toe en herhaal dit. Het enige van jou antwoorde verander? Waarom of waarom nie?

WAT IS FEMINISME?

Daar is baie verskillende soorte feminisme. Selfs onder vroue is daar baie debatte en meningsverskille hoe om feminisme te omskryf - en te beoefen. Dis moeilik om feminisme finaal te beskryf in 'n veranderende wêreld! Jy kan egter breedweg aanvaar dat feminisme 'n politieke beweging is wat patriargie teenstaan. Vir party mense gaan feminisme daaroor dat vroue:

- gelyk aan mans moet wees
- groter verteenwoordiging in leierskapsposisies moet hê
- bygestaan moet word om sukses te behaal binne die kapitalistiese stelsel deur wetten en beleide te verander.

Dit word **liberale feminisme** genoem, en bevoordeel gewoonlik net bevoorregte en ryk vroue.

Radikale feminisme: Dit is feministe wat nie daarin belangstel om vroue in posisies van leierskap te plaas in stelsels van kapitalisme en patriargie nie. Hoekom nie? Radikale feministe besef dat vroue wat hoë posisies het in hierdie ongelyke stelsels, waarskynlik sal aanhou om patriargie te handhaaf én te versterk – omdat hulle bang is hulle verloor hul hoë posisies. Hulle wil nie mag opgee nie. Radikale feministe ondersteun geen magposisie gebaseer op ongelykheid, geweld en onderdrukking nie – selfs al is daar 'n vrou aan die stuur.

Wat is die oplossing? Vroue moet die patriargale mag ontwig en veg vir 'n heel ander soort wêreld. Dit is die posisie van radikale feminisme. Dit gaan nie daaroor om dieselfde mag as mans te hê in 'n onregverdige stelsel nie.

Daar is nog baie meer soorte feminisme, selfs binne liberale en radikale feminisme. Hierdie werkboek ondersteun radikale feminisme en beklemtoon lesse uit radikale feministiese beginsels en praktyke.



**ONS MOET
PATRIARGALE MAG
ONTWRIG EN VEG
VIR 'N HEEL ANDER
SOORT WÊRELD**

Hoe kan vroue patriargie handhaaf?

Ons leef in 'n patriargale samelewing waar patriargie oral rondom ons versterk word (in skole, die media, kultuurinstellings, ens.). Dit is dus baie maklik en byna “normaal” vir enigiemand om patriargie te handhaaf!

Mens hoor baie vroue sê: “seuns huil nie” of “wees 'n man!”. Hierdie uitdrukkings handhaaf die patriargale idee dat seuns/mans altyd taai moet optree en swak is as hulle emosie toon of kwesbaar is. Wat van die gewilde uitdrukking: “seuns bly maar seuns”? Die uitdrukking sê vir seuns/mans dat hulle kan optree soos hulle wil - ook gewelddadig, en nie verantwoordelik gehou sal word vir hul dade nie.

Daar is baie ander voorbeelde van hoe genderrolle onderdrukkend gehandhaaf word... uitdrukkings soos “gedra jou soos 'n dame” of “mans is natuurlike leiers”.

Dit is waarom dit belangrik is om onself en mekaar op te voed oor patriargie en feminisme. Ons moet skerp raak vir patriargale houdings en teenstaan waar ons dit ook al sien - ook in onself.



Wanopvatting oor feminisme:

“Feministe wil ’n stelsel van oorheersing deur vroue hê”

Feminisme gaan nie daarvoor om die mag te hê om mans te onderdruk nie; feminisme is juis ’n verset teen onderdrukking! Feminisme gaan oor die beëindiging van die leed en geweld wat deur patriargie veroorsaak word. Feminisme is teen alle vorms van oorheersing.

“Feministe haat mans”

Feministe se doel is nie mannehaat nie. Al wat feministe doen is om mans te kritiseer wat:

- weier om te erken dat hulle bevoorreg is
- weier om verantwoordelikheid te vat vir hul dade
- gewelddadig en beledigend teenoor vroue is.

Die meeste feministe werk saam met mans as comrades in organisasies en het liefdevolle verhoudings met mans. Baie mans beskou hulself as feministe. Feminisme se stryd om patriargie te beëindig, ondersteun gesonde liefde. Feministe vra: “Hoe raak ons ontslae van ’n stelsel wat op ongelyke mag, straf, geweld en oorlog gevind is? Hoe bou ons nuwe stelsels wat op liefde, magsdeling en kollektiewe sorg gebaseer is?”

“Feminisme is net vir vroue!”

Feminisme is nie net vir vroue is nie. Feminisme is oop vir alle geslagte (*genders*), insluitende mans. Die feminisskrywer bell hooks sê: “Sonder mans as bondgenote in die stryd, sal die feministiese beweging nie vorder nie.” Sy sê dat patriargie mans benadeel: “Patriargie blok mans om volle emosionele welstand te ervaar... Om mans se pyn en krisis aan te spreek, moet ons as ’n nasie die harde werklikheid aanvaar dat patriargie mans in die verlede leed berokken het - en hulle nog steeds leed aandoen”. Mans wat in die patriargale stelsel oor mag beskik, moet verantwoordelikheid vat om daarteen te veg, want dis in hul eie belang! Ons moet almal leer oor feminisme sodat ons almal kan saamwerk om die geweld van patriargie te beëindig. Feminisme is vir almal!

“Feminisme is ’n Westerse uitvinding”/“Feminisme is nie vir Afrika nie”

Baie mense probeer vroue ontmoedig om oor feminisme te leer. Hulle sê dat patriargie nooit in Afrika-kulture en samelewings bestaan het nie ... dat die konsep van feminisme uit Europa en die VSA ingevoer is.

Hulle sê feminisme is onnodig of onvanpas in Afrika. Dis net die woord “feminisme” wat in die Weste geskep is. In die geskiedenis is voorbeeld op voorbeeld van Afrika-vroue wat teen patriargie georganiseer het op maniere wat as feministies beskou kan word - lánk voordat die woord in Afrika geland het. Daar was nog altyd Afrika-feministe! Feministe van Afrika het selfs Westerse feministe gekritiseer. Hulle het daarop gewys dat Westerse vroue nie rassisme, kolonialisme en kapitalisme teengestaan het nie. Hulle het uitgewys dat patriargie hand aan hand werk met dié onderdrukkende stelsels. En só het die Westerse vroue Afrika se stryd onsigbaar gemaak. Om te sê dat feminisme aan die Weste behoort, ignoreer die belangrike bydraes van vroue in Afrika en oor die hele wêreld in die stryd teen patriargie.

“Vroue wat feminisme opper, is besig om verdeeldheid te saai”

Dié stelling word veral in aktiviste-organisasies gebruik teen vroue wat probeer praat oor hul ervarings van patriargie. Die argument is dat feminisme verdeeldheid in bewegings veroorsaak, eenheid van die werkersklas verhoed, en die aandag aflei van ’n ‘gemeenskaplike’ stryd (bv. teen rassisme of kapitalisme).

Wanneer mense hierdie argument gebruik, sê hulle eintlik dat dat mans nie verantwoordelik gehou moet word vir hul dade nie en dat vroue moet stilbly oor hul stryd en geweld moet verdra. Patriargie en seksisme is die ding wat verdeeldheid veroorsaak en bewegings afbreek! As ons mekaar nie nou verantwoordbaar hou en geweld in ons eie bewegings beëindig nie, hoe sal ons in die toekoms ’n samelewing sonder hierdie probleme skep? Op dieselfde manier as wat feminisme nie suksesvol sal wees om patriargie te beëindig sonder mans se betrokkenheid nie, so sal geen beweging suksesvol wees om sy doelwitte te bereik as dit vroue ignoreer, intimideer en uitsluit nie. As ons ’n samelewing wil hê waarin almal veilig en gelyk is, moet ons erken dat die stryd teen patriargie ’n gemeenskaplike stryd is.

“As ek ’n hamer gehad het ...
sou ek Patriargie VERBRYSEL.”

EK HET DIT
GEKRY!



WAT KAN ONS UIT FEMINISME LEER?

In die lang geskiedenis van feministe se weerstand teen patriargie, is belangrike instrumente van ontleding en vorms van organisering ontwikkel. Dit kan nuttig wees om hieroor te besin wanneer ons probeer dink oor hoe om ons eie organisasies meer effektief te maak rondom vrouebevryding. Hieronder is ’n paar belangrike lesse uit feminisme:



Die genderlens

Die ‘genderlens’ is soos om ’n bril op te sit wat fokus/inzoom op gender-ongelykheid. Dit gaan daaroor om ’n ontleding van gender op verskillende situasies toe te pas – om te kyk hoe mense verskillend behandel word op grond van hul gender. ’n Genderlens kan ons help om te sien hoe mans dominant of bevoorreg is in die samelewing, en hoe mag op gender geskoei is. Byvoorbeeld, die toepassing van ’n genderlens op ’n werkplek kan help om vrae te opper soos ‘Waarom is vroue onderverteenvoerdig?’ en ‘Waarom word mans meer betaal vir dieselfde werk?’ Die genderlens vra verdere vrae soos ‘Met watter

spesifieke kwessies het vroue in die werkplek te kampe?’ en ‘Beywer die vakbond hom vir vrouesake?’ Die gebruik van die genderlens is ook nuttig om die stryd en bydraes van vroue uit te lig, wat andersins ongemerk verbygaan.



AKTIWITEIT

Probeer om deur 'n genderlens na jou vakbond, werkplek, gemeenskap en huishouding te kyk – wat sien jy?



Wat persoonlik is, is polities!

Hierdie is 'n feministiese slagspreuk wat die feit beklemtoon dat die persoonlike ervarings en lyding van vroue deel vorm van 'n breër stelsel van onderdrukking. Feministe gebruik hierdie slagspreuk om vroue te help besef dat hul persoonlike ervarings van geweld en mishandeling verstaan kan word as deel van 'n sistemiese politieke probleem, wat gesamentlik teengestaan moet word. Só is baie vroue gehelp om te sien dat hulle nie te blameer is vir hul lyding en mishandeling nie, en dat hulle nie alleen is nie. Die idee dat ‘wat persoonlik is, polities’ is, het vroue geïnspireer om:

- bewusmakingsgroepe te vorm
- ruimtes te skep vir vroue om hul ervarings te deel en by mekaar te leer
- hul ervarings te verbind aan die breër probleem van patriargie
- met strategieë vorendag te kom om hulself te verdedig en hul toestande saam te verbeter.



AKTIWITEIT - Bespreek

1. Vergader jy met ander vroueplaaswerkers om oor julle kwessies te praat?
2. Hoe kan julle veilige ontmoetingsruimtes in jul werkplek, vakbond en gemeenskap skep om vroue aan te moedig om hul ervarings te deel en saam aan oplossings te werk?



Verwerp genderrolle!

Patriargie sê vir ons die samelewing is in mans en vroue verdeel – en daar is streng genderrolle wat gevolg moet word. Dit beteken dat mans op 'n seker manier moet optree en ook sekere mag moet hê - en dat vroue op 'n sekere manier moet optree - en onderdanig moet wees. As jy anders optree, moet jy gestraf of uitgesluit word. Byvoorbeeld: Hoe word oor vroue gepraat wat besluit het om nie kinders te hê nie? Asof daar iets fout is met hulle... Hoe word oor mans gepraat as hulle van pienk, grimering, rokke of enigiets hou wat patriargie as 'vroulik' tipeer? Altyd op 'n vernederende manier..! Hierdie rolle en verwagtinge word oral versterk. Dit is in die werkplek, vakbonde, kulturele instellings en in die huis. Maar feminisme herinner ons daaraan dat gender 'n sosiale konstruk is, dit is kunsmatig. Daar is geen biologiese of wetenskaplike rede vir hierdie rolle en verwagtinge nie. Feministe verwerp die vals idee dat ons voortplantingsorgane moet bepaal wat ons mag doen en wat ons nie mag doen nie! Feministe wys daarop dat baie mense nie inpas in die stywe boksies van 'man' en 'vrou' - soos gedefinieer deur patriargie nie. Enkele voorbeelde van hoe feministe genderrolle uitdaag, is deur te eis dat huiswerk en kindersorg deur mans gedeel word; ook om vroue-aktiviste op te lei om vergaderings te lei - sodat hulle meer vertrouwe het om leierskaprolle in hul organisasies te vul.



AKTIWITEIT – Besin oor genderrolle¹.

Teken twee blokke. Skryf 'Wees 'n man' in die een blok, en 'Gedra jou soos 'n dame' in die ander een. Voltooi die volgende aktiwiteit:

1. Skryf in elke blok neer wat jy dink dit beteken, of wat die verwagtinge is, wanneer iemand hoor 'wees 'n man' of 'gedra jou soos 'n dame'.
2. Skryf buite/rondom elke blok neer wat gebeur met mense wat anders optree as die verwagtinge in die blok. Hoe word daardie mense behandel? Watter name word hulle genoem?
3. Vrae vir nadenke/bespreking:
 - a. Pas jy altyd in hierdie blokke?
 - b. Is dit realisties om te verwag dat almal in hierdie blokke moet inpas?
 - c. Hoe dra hierdie blokke by tot geweld teen vroue?
 - d. Wat kan ons doen om hierdie verwagtinge te verander?

1. Aangepas uit 'n 'Gender Boxes-oefening' wat deur die Oakland Men's Project geskep is.



Erken onbetaalde versorgingswerk!

Feministe het 'n groot slag geslaan vir vroue: hulle het erkenning gegee aan al die onbetaalde werk wat van vroue verwag word. Dit is die werk in hul huise en gemeenskappe - kosmaak, skoonmaak, kinders grootmaak, omsien na siekes en bejaardes. Dié soort werk is bekend as 'onbetaalde versorgingswerk' of 'reproduktiewe arbeid'. Dit word verwag van alle vroue - werkende vroue én vroue wat nie formeel werk nie. Só dra werkende vroue 'n dubbele las (sien Hoofstuk 1). Wanneer vroue afklok by hul betaalde werk, klok hulle in by onbetaalde versorgingswerk. Feministe organisasies en -bewegings werk aan verskillende oplossings: hulle eis lone vir huiswerk; veg vir basiese inkomste-toelaes; eis dat mans die werk in die huis en gemeenskap deel.



Pasop vir uitbrand!

Omdat 'n vrou altyd almal versorg - en dikwels 'n slagoffer van geweld is - leer feminisme ons dat selfsorg en kollektiewe sorg essensieel is vir hoe ons verset organiseer.

Selfsorg: Ons maak seker ons neem tyd vir rus en genot; Ons sien om na ons liggame en geestesgesondheid (*mental health*). **Kollektiewe sorg:** Ons kyk uit vir mekaar, sorg vir mekaar; Ons bou netwerke van ondersteuning; Ons skep projekte en instellings om in die behoeftes van die breër gemeenskap te voorsien.

Strategie 101! Versorging van jouself en jou bondgenote is 'n noodsaaklike organiseringstrategie om volhoubare bewegings te bou! Hoekom? Want baie aktiviste verlaat bewegings omdat hulle uitgeput en uitgebrand is, en dit is veral waar vir vroue! Wanneer mense versorg word en energie het om na mekaar om te sien, is hulle beter in staat om saam te sukkel om oplossings te kry, konflik op te los en om seker te maak hul eise word gehoor en geïmplementeer.


Voorbeelde van hoe bewegings self- en kollektiewe sorg beoefen is:

- Hou informele byeenkomste buite organisatoriese verband en kyk hoe gaan dit met mekaar.
- Skep veilige en helende ruimtes om oor ervarings van geweld te praat.
- Bied terapeutiese aktiwiteite aan - meditasie, kunssessies, oefenklasse ens.



AKTIWITEIT - Bespreek

Beoefen jou organisasie/beweging/vakbond self- en kollektiewe sorg? Indien wel, hoe? Indien nie, watter soort self- en kollektiewe sorgaktiwiteite wil jy graag in jou organisasie/beweging/vakbond sien?



Verwerp hiërargie!

Feministe kritiseer die manier waarop patriargie op hiërargie en oorheersing gebou is. Patriargie gebruik geweld, konstante mededinging en verdeeldheid om bo uit te kom! Kan jy dit sien? Feministe het kopgekras oor leierskap - en hoe om dit anders te organiseer as patriargie. Feministe werk dus met kollektiewe besluitneming. Dit moedig deelname aan - en deel verantwoordelikheid, waar moontlik. Hierdie manier van organiseer is belangrik, want baie vroue kort selfvertroue vir leierskap; hulle voel ongekwalifiseerd omdat patriargie hulle brainwash dat leierskap net vir mans is.

Kreatiewe vorme van organisering, insluitende kuns, teater en dans, is deur feministe-groepe gebruik om vroue aan te moedig om hulself uit te druk en deel te neem. Wanneer besluite demokraties geneem word en rolle en verantwoordelikhede gelykop gedeel word, voel vroue meer betrokke en bemagtig in hul organisasies. Dit is in teenstelling met besluite wat in 'n van-bo-af-ondertoe-leierskapstruktuur geneem word.



Organiseer regoor gemeenskaps- en werkplekverdelings!

Omdat so baie vrouearbeiders ook versorgers in hul gemeenskappe is - en afwesig is in vakbondstrukture - het vroue besef daar is 'n groot gaping tussen gemeenskaps- en werkersstryd. Om dit met mekaar te verbind, het vrouewerkers twee dinge begin doen: eis kindersorghulp in vakbondstrukture, en word deel van vrouegroepe buite jou vakbond. Kry 'n vennootskap tussen jou werkers- en gemeenskapsorganisasies - om die eenheid van die armes en werkersklas te bewerkstellig!

HOOFSTUK 4:

DIE BOU VAN FEMINISTE-
ORGANISASIES





AKTIWITEIT - Debat

Verdeel in twee groepe om die volgende stelling te debatteer, “Vroue moet op hul eie organiseer, sonder mans.” Een groep moet hierdie argument steun en al die redes gee waarom vroue wat op hul eie organiseer, ’n goeie ding is. Die ander groep moet teen hierdie argument wees, en al die redes gee waarom vroue wat op hul eie organiseer, ’n slegte ding is.

Nadat die groepe hul argumente aangevoer het, kom hulle saam om die volgende te bespreek:

1. Watter belangrike punte is deur beide kante gemaak?
2. Wat is jou eie standpunt oor hierdie vraag?

Puleng het dit wat sy in haar vrouestudiegroep geleer het met Katrina, Yaya, Nomandla en Anna gedeel. Hulle het besluit om ’n vergadering te hou om te bespreek wat hulle kan doen om hul organisasies sterker en meer feministies te maak. Hoe kon hulle patriargie in hul vakbond en in hul gemeenskappe beveg? Hoe kon hulle seker maak dat vrouesake op die agenda geplaas word?



SKEP BEWUSTHEID VIR FEMINISME

“Die eerste ding wat ons moet doen is om onself en ander vroue op te voed! Ons moet met ander vroue op die plaas praat en van deur tot deur in ons gemeenskappe gaan. Ons moet gereelde vergaderings hou vir vroue om saam te kom om hul swaarkry te deel en meer oor die oorsaak van hierdie swaarkry te leer. Ons moet saam lees en mekaar leer oor patriargie en feminisme. Ons kan geleenthede in ons gemeenskappe en werkplekke reël om oor vroue- en werkersregte te praat. Ons moet ook leer en mekaar aanmoedig om ons eie geskiedenis te skryf en ons stryd as vroue te dokumenteer. Dit alles sal vroue help om te beseft dat ons saam in hierdie stryd is!”

NOMANDLA



Onderwys vir vrouebevryding in die Zapatista-beweging

Die Zapatistas is 'n inheemse beweging van bestaansboere in Meksiko wat met gewapende stryd grond oorgeneem het in die staat Chiapas. Hulle regeer hul gebiede met gedentraliseerde en demokratiese gemeenskapsvergaderings. Vrouebevryding staan sentraal tot die beweging se politiek. Dit is duidelik in hul *Women's Revolutionary Law*, wat belangrike regte vir vroue uitspel. Hierdie wet is aanvaar nadat gesprekke met elke gemeenskapsvergadering gehou is totdat 'n ooreenkoms en begrip bereik is. Die Zapatistas bied ook politieke opvoeding en leesmateriaal oor vroue se swaarkry, en hou geleenthede vir vroue om saam te kom om te deel en by mekaar te leer. In 2018 is 'n driedaglange "Internasionale Kuns-, Politieke, Sport- en Kultuurbyeenkoms van vroue wat sukkel" gereël en deur duisende vroue van regoor die wêreld bygewoon. Die geleentheid het muurskilderye, poësie, teatrale spotstukke, danse en musiekoptredes gebruik om vroue se kwessies uit te lig, vroue se eise te opper en vroue te inspireer om uitdrukking aan hulself te gee.



Foto: Heather Gies

VERSTERK ONS ORGANISASIES VAN BINNE

“Wat moet ons doen om ons vakbonde meer feministies te maak? Ek het gehoor van vroueforums wat in vakbonde gestig word. Dit kan ’n plek wees vir vroue in die vakbond om by mekaar te kom om openlik as vroue oor ons kwessies te praat sodat ons strategies kan dink oor watter soort eise gestel moet word. Hierdie forum sal ook help om vroue se selfvertroue te bou om hierdie eise by die vakbondleierskap te opper, en vroue help om meer betrokke te raak by aktiwiteite van die vakbond. Dit kan ’n ruimte wees wat advies en opleiding verskaf, en ons voorberei om leiersrolle in die vakbond op te neem. Ons moet daarop aandring dat die vakbond hierdie forum ondersteun deur hulpbronne en vergaderruimtes te verskaf, en ons as ’n erkende struktuur te raadpleeg. Hierdie forum sal ons bemagtig om te verseker dat ons kwessies en idees as vroueplaaswerkers nie geïgnoreer word nie! Om so ’n struktuur te hê, kan ook help om meer vroue aan te moedig om by die vakbond aan te sluit.”

ANNA



“Ek stem saam dat dit belangrik kan wees om ’n vrouestruktuur te hê, maar hoe kan ons seker maak dat almal in die vakbond hul rol in patriargie aanspreek? Die mans moet ook die harde werk doen om patriargie uit die vakbond te verwyder! Die vroueforum behoort tydelik te bestaan vir so lank as wat dit nodig is om ons te empower om aan die vakbond deel te neem. Maar ons moet onself nie isoleer nie! Daar moet ook ’n breër genderkomitee wees om te bespreek hoe patriargie ons almal op verskillende maniere raak, en om saam te stem oor hoe ons op meer feministiese maniere kan organiseer. Vrouekwessies is werkerskwessies!”

KATRINA



Vroue- en genderforums in Suid-Afrika

Vroueforums/-komitees word lank reeds deur vakbonde regoor die wêreld gebruik as 'n manier om die vertroue en deelname van vrouewerkers te bou, en om druk op vakbonde uit te oefen om vrouekwessies aan te spreek.


Indie 1980's in Suid-Afrika het die Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (COSATU) 'n Vroue-subkomitee onder sy Nasionale Onderwyskomitee (NEDCOM) gevorm, asook plaaslike en streeksvrouestrukture onder die slagspreuk *'separate to get strong'* ('apart om sterk te word').

Daar was baie debatte oor hierdie vrouestrukture - soos duidelik gestel in hierdie verklaring deur Maggie Magubane, nasionale koördineerder van die NUMSA Vrouewerkerskomitee: *"Party mense sê dat ons die vakbond verdeel. Waarom bespreek ons nie ons kwessies saam met manlike comrades nie? Maar ons druk hard en sê vir hulle dat hulle baie goed weet dat ons vroue het wat te skaam is om by vergaderings te praat, dat hulle meer vrymoedig onder mekaar is. En dat daar vroue is wat voel dat as 'n man praat, hy reg is, en dat sy nie van hom kan verskil nie. Ons moet daardie vroue opvoed."*

Baie van hierdie vrouestrukture was egter onaktief of het nie doeltreffend gefunksioneer nie. Vrouewerkers het gesukkel om tyd te kry om vergaderings by te woon weens hul dubbele las van huishoudelike verantwoordelikhede. Die vrouestrukture het ook min finansiële steun ontvang en is ondermyn deur baie van die mans in die vakbonde wat geweier het om dit te erken. Baie van die vroueforums het uiteindelik ontbind weens 'n gebrek aan steun - en weens die ontstaan van die ANC-vroueliga waaragter baie vroue verkies het om hul gewig te gooi. Ten spyte hiervan het baie vrouewerkers steeds afsonderlike strukture gevra wat deur vakbonde ondersteun word om die swak posisie van vroue in die vakbondbeweging te versterk.

Suid-Afrikaanse vakbonde het ook met genderkomitees geëksperimenteer. Dit is strukture vir almal in die vakbond om genderongelykheid aan te spreek.

COSATU, FEDUSA en NACTU het almal genderkomitees gevorm. Dit was 'n belangrike stap om werkerorganisasies meer sensitief vir geslagskwessies te maak. Dit het het gelei tot beduidende ontwikkelings, soos eise vir ouersorg - pleks van net kraamvoordele. S6 het die siening dat kindersorg slegs vroue se werk is, verskuif! Waar genderkomitees saam met vrouekomitees bestaan het, het dit ook gelei tot groter ondersteuning vir slegs vroue-strukture en opkomende vroueleierskap in die vakbond.



Kunswerk: Judy Seidman/Medu Art Ensemble

BOU ALTERNATIEWE RUIMTES VIR FEMINISME!

“Ek dink dit is ook belangrik dat ons strukture buite die vakbond bou. Baie van ons swaarkry as vroue is dieselfde – of ons op plase, in fabriek of in die huis werk. Baie vrouewerkers is ook los werkers wat nie aan vakbonde behoort nie. Hoe organiseer ons op 'n manier wat ons almal insluit? Sommige vroue vorm hul eie groepe omdat hulle die tradisionele vakbondstruktuur as te hiërargies beskou – oorheers deur mans – en onwillig om vrouesake ernstig op te neem. Daar is ook sosiale bewegingsvakbonde, waar vakbonde saam met gemeenskapsorganisasies en sosiale bewegings organiseer. Baie vroue is reeds betrokke by gemeenskapskomitees en straatkomitees – ons moet feministiese politiek na al hierdie ruimtes toe bring! Daar is baie opsies vir ons om oor te dink.”

YAYA



'n Vrouevakbond in Nicaragua

Ná meningsverskille in die Central Sandinista de Trabajadore (CST), Nicaragua se grootste vakbondfederasie, het vroueledes in 1994 weggebreek en 'n nuwe vrouevakbond gestig, synde die *Working and Unemployed Women's Movement* (MEC).

Hulle het dit gedoen omdat hulle ontevrede was met die leierskap en besluitneming binne die CST wat van bo af ondertoe was. Hulle gesien dat vroue se eise - soos dié rondom kindersorg en gesondheidsorg - geïgnoreer is, of as onbelangrik beskou is. Die MEC poog om anders as die tradisionele vakbondmodel te organiseer. Hulle fokus op vroue se vermoëns om ten volle aan die samelewing deel te neem - en hulself te verdedig en te versterk. Die MEC verskaf dus onderwys en opleiding, ondersteuningsdienste en gratis regsadvies aan werkende en werklose vroue. Dit maak 'n prioriteit van los werkers wat nie aan organisasies behoort nie en deur tradisionele vakbonde misgekyk word.



Foto: www.jpnicaragua.com

GEBRUIK HULPMIDDELS VIR FEMINISTE

“Watter struktuur ons ookal kies, ons moet sorg dat ons feministiese beginsels en praktyke het! Dit gaan nie net daarvoor om onself feministe te noem en om organisasies te hê wat deur vroue gelei word nie. Ons moet onself altyd afvra: “Daag ons patriargie uit, selfs in onself?”, “Moedig ons deelname, magdeling en kollektiewe besluitneming aan?”, “Gee ons om vir onself en ons gemeenskap?” Daar is baie lesse te leer uit feminisme en ons moet aanhou om soveel te leer as wat ons kan. Ons moet mekaar verantwoordbaar te hou vir ons feministiese beginsels. Dit is 'n lewensstyl. Soos feminis Audre Lorde sê, “Revolusie is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie”



PULENG

Vroue lei 'n fabrieksoorname in Indonesië!

In 2007 het die eienaar van 'n klerefabriek in Indonesië die fabriek skielik gesluit, bankrotskap verklaar en geweier om skeidingspakkette aan die honderde afgedankte werkers, wat meestal vroue was, te betaal. Die werkers het besluit om die eienaar arbeidshof toe te neem vir skeidingsvergoeding, en om die fabriek te beset. Tydens die besetting het hulle 'n werkerskoöperasie gestig en aangehou om klere te vervaardig om hulself tydens hul regsgeeding te onderhou. Hulle het 'n Besette Fabriekkomitee demokraties verkies om die koöperasie te bestuur, en werkkrotasie ingestel sodat die werk gelykop gedeel kon word en sodat die werkers nuwe vaardighede kon aanleer en nie verveeld raak nie. Die vrouewerkers het die fabrieksruiimte herontwerp met 'n openbare kombuis om die besetters kos te gee, kindersorg te verskaf, en om massavergaderings met gemeenskapsorganisasies en sosiale bewegings te hou.

Só het die werkers die kapitalistiese skeiding van werk en gemeenskap uitgedaag en gepoog om vrouewerkers se dubbele sorglas, te verlig. Dit is 'n belangrike praktiese voorbeeld van hoe feministe kan organiseer.



Foto: Jorge Martin

BOU FEMINISTIESE SOLIDARITEIT!

“Comrades, ons moet onthou dat selfs al maak ons ons organisasies meer feministies, sal een vakbond of gemeenskap alleen nie patriargie beëindig nie – dit moet deel van ’n sterk beweging wees! Ons moet sterk verhoudings smee met verskillende organisasies wat gemeenskaplike doelwitte en feministiese beginsels het. Ons moet feministe-bewegings en koalisies bou. Ons moet aansluit by betogings van diegene met wie ons in solidariteit is, en hulle uitnooi na ons eie aksies toe. Ons moet hande vat met organisasies wat ondersteuningsdienste kan bied – soos berading, opleiding of politieke onderrig aan plaasvroue en vroue in ons gemeenskappe. Solidariteit beteken meer

hulpbronne, ondersteuning en eenheid in die stryd teen patriargie en kapitalisme.

Solidariteit wys ons dat al ons swaarkry met mekaar verband hou!”



NOMANDLA

'n Feministiese rewolusie in Chili

Aan die einde van 2019 het hoërskoolleerlinge in Chili teen die verhoging van openbare vervoerfooie geïnteressier. Dit het landwyd betogings teen groeiende ongelikheid, korrupsie en privatisering ontketen. Feministiese organisasies op voetsoolvlak (*grassroots*) was aan die voorpunt van hierdie stryd en het honderde duisende mense tot massa-aksies gemobiliseer. 'n Voorbeeld hiervan is deur die *cacerolazos*, 'n vorm van verzet waarin vroue in die straat op potte en panne slaan om hul onderdrukking in die huis en in huishoudelike werk te simboliseer.

Vroue het ook guerrilla-teater gebruik, soos straatopvoerings van die proteslied 'A Rapist in Your Path', wat deur feministiese kunstkollektief Las Tesis geskep is. Deur lirieke soos "*Die patriargie is 'n regter wat ons oordeel omdat ons gebore is - en ons straf is die geweld wat jy nie sien nie*", stel die lied vroue in staat om hul ervarings van seksuele geweld te deel - en leer die publiek oor hoe patriargie funksioneer. Dit het 'n internasionale verskynsel geword, met vroue wat dit in betogings regoor die wêreld opvoer. Deur hierdie aksies, insluitende buurtvergaderings, kon die feministebeweging in Chili sterk netwerke van solidariteit in die land en ver buite sy grense bou.



Foto: Marcelo Hernandez/Getty Images

GEVOLGTREKKING:

EET DIE VRUGTE VAN ONS ARBEID!



Regoor die wêreld organiseer vrouewerke om hul probleme in gemeenskappe, werkplekke en vakbonde aan te spreek. Vroue het baie verskillende maniere om hulself te organiseer. Maar almal het met één belangrike stap begin: vrouewerke het bymekaargekom om hul probleme te bespreek en oplossings te beplan.

Terwyl ons saam met Nomandla, Anna, Katrina, Yaya en Puleng deur die werkboek gegaan het, het ons die uitdagings waarmee vroueplaaswerkers te kampe het, bespreek en gedeel. Ons het begin verstaan waar hierdie uitdagings en probleme vandaan kom; ons het geleer oor die verskillende maniere waarop vroue kan organiseer om mag te bou en stelsels teen te staan wat vroue onderdruk. Dit is ons hoop dat julle, terwyl julle hierdie werkboek lees – in vergaderings, werksinkels of opleiding van werksvertegenwoordigers – as vroue saam kan worstel met die uitdagings wat julle in die gesig staar.

Daar is geen maklike antwoord of resepte om te volg nie – die voortdurende teenstand teen patriargie en alle vorme van onderdrukking wat vroue ervaar, verg dat ons geduldig moet wees, konsekwent moet bou, verenig moet wees en vasberade moet wees om onself te organiseer. Niemand sal dit doen as vroue dit nie vir hulself doen nie! Deur politieke opvoeding, die bou van sterk organisasies en die skep van netwerke van solidariteit, sal vroueplaaswerkers bemagtig word om hul eise te opper, saam aksie te neem en oorwinnings te smaak sodat hulle uiteindelik die vrugte van hul arbeid kan geniet.



WOORDELYS

Feminisme – 'n Politieke beweging wat patriargie teenstaan.

Gender – Gender is 'n sosiale konstruk wat op verskillende sienings van manlikheid en vroulikheid gebaseer is. Dit hou verband met verskillende rolle en verwagtinge wat op mense geplaas word. Patriargie sê daar is net twee genders is – man en vrou. Maar omdat gender sosiaal gekonstrueer is, verander die betekenis daarvan altyd na gelang van hoe 'n individu of samelewing dit definieer. Byvoorbeeld, voor kolonialisme, kapitalisme en patriargie, het baie samelewings nie gender gebruik as 'n manier om tussen mense te onderskei nie en konsepte soos mans en vroue het nie bestaan nie, terwyl ander samelewings veelvuldige genderidentiteite gehad het.

Genderrolle – Die rolle en verwagtinge wat op mense geplaas word op grond van die kategorieë van 'man' en 'vrou'. Genderrolle word in 'n gegewe samelewing of gemeenskap aangeleer en aanvaar - tot die mate dat sekere gedrag, aktiwiteite, take en verantwoordelikhede as arbitrêr beskou kan word vir mans of vir vroue. Diegene wat nie aan hierdie genderrolle en verwagtinge voldoen nie, ervaar dikwels geweld.

Geslagsgebaseerde geweld (GGG)/ gender-based violence (GBV) – Geslagsgebaseerde geweld verwys na dade van geweld wat op 'n persoon/groep mense geteiken is weens hul geslag.

Hiërargie – 'n Stelsel wat mense in verskillende groepe organiseer en die groepe van laagste na hoogste rangskik. Gewoonlik het diegene wat die laagste in die hiërargie is die minste mag en belangrikheid, en diegene op die hoogste vlak is die magtigste en belangrikste.

Onderdrukking – Wanneer mag oor mense uitgeoefen word (byvoorbeeld deur wette of geweld) op 'n ongeregtige en onregverdige manier.

Patriargie – 'n Samelewing wat op die meerderwaardigheid van mans en die oorheersing van mans oor ander mense geskoei is en in stand gehou word deur hiërargie en geweld.

Seksisme – Die oortuiging dat mans meerderwaardig is. Seksistiese gesindhede word gebruik om die oorheersing en onderdrukking van vroue in 'n patriargale samelewing te regverdig.

Seksuele teistering – Onwelkome en onvanpaste seksuele opmerkings of fisieke toenadering in 'n werkplek of ander sosiale situasie.

Sosiale konstruk – 'n Konsep wat deur mense in 'n samelewing geskep is en deur oortuigings, gesindhede en instellings aanvaar word.

VERWYSINGS EN VERDERE LEESMATERIAAL

- Ekitchini deur die Suid-Afrikaanse Huiswerkersunie (SADWU).
- Feminise Politics Now! Hulpmiddel geskep deur die Municipalist Movement deur Laura Roth, Irene Zugasti Hervas en Alejandra de Diego Baciero.
- Feminism for Today deur ILRIG.
- Feminist Movement Builder's Dictionary, 2de uitgawe deur Just Associates.
- Indonesia: PT Istana, a factory occupied and producing under workers' control deur Jorge Martin op marxism.com.
- No Turning Back: Fighting for gender equality in the unions deur Lacom (Sached), Speak & Cosatu Wits Vroueforum.
- Numsa Women Organise! deur die Nasionale Mynwerkersunie van Suid-Afrika (NUMSA).
- On Our Feet: Taking Steps to Challenge Women's Oppression. A Handbook on Gender and Popular Education Workshops deur Liz Mackenzie vir die Sentrum vir Volwasse en Voortgesette Onderwys (CACE).
- Organising Women in Trade Unions deur Global Unions.
- The Making of a Feminist Democratic Revolution in Chili deur Ivette Hernandez op minim-municipalism.org.
- The Zapatista Women's Revolutionary Law as it is Lived Today deur Sylvia Marcos op opendemocracy.net.
- Understanding Patriarchy deur bell hooks.
- Weaving Gender into Our Work deur die Nasionale Mynwerkersunie van Suid-Afrika (NUMSA).
- Women Workers and the Politics of Claims Making: The Local and the Global deur Naila Kabeer.
- Workers World News Uitgawe 14 deur ILRIG.
- Zapatista Women Celebrate the Art of the Struggle deur Heather Gies op progressive.org.



Die Internasionale Arbeidsnavorsings- en Inligtingsgroep (ILRIG) is 'n ondersteuningsorganisasie wat toegewy is aan navorsing, onderwys, opleiding, die uitgee van gewilde materiaal en die verskaffing van ruimtes vir besinning vir werkersklasbewegings in Suider-Afrika.

Tel: +27 21 447 6375

Webwerf: www.ilrigsa.org.za

E-pos: ilrigsa@gmail.com

Kamer 14 Gemeenskapshuis, Soutrivierweg 41, Soutrivier, Posbus 1213, Kaapstad, Suid-Afrika

GIVE BACK
OUR LAND
NOW

VROU
HET
REGTE

yeka
uw

STO
R

Sto
Unfair
Labour
Practise

WE ARE
HUMAN
NOT
COMMOT
EVICION
BREAK
FAMILY
LIVES

MAYIBUYE
iAFRIKA!

